

tjokkerjol

Tjokkerjol Speelgroepie & Kleutermaatjies se beleid t.o.v Covid 19



☺ **Reëls om die verspreiding van Covid 19 te voorkom:**

1. Bly sover as moontlik by die huis. Sonder jou af as jy of iemand in jou familie siek is.
2. Die skool moet dadelik in kennis gestel word indien iemand in jou gesin positief getoets word vir Covid 19, of as enige iemand naby aan jou in aanraking was met enige iemand wat positief getoets het vir Covid 19
3. 'n Fisiese afstand van 1.5 meter van ander moet ten alle tye behou word
4. Hande moet gereeld gewas word met seep en water vir 20 sekondes
5. 'n Alkohol gebaseerde hanreiniger kan gebruik word om hande gereeld skoon te maak
6. Kinders hoef nie 'n masker/visor/hoedjie te dra nie
7. Personeel/ouers/besoekers moet wel 'n masker dra (dit sluit in enige kind ouer as 6 jaar wat nie in ons skool is nie)
8. Beoefen altyd goeie higiëne deur nie aan jou gesig of masker/visor te raak nie
9. Hoes/nies in jou elmboog

☺ **Regulasies t.o.v die dra van maskers:**

1. Geen kind van geboorte tot 24 maande mag 'n masker/visors dra nie
2. Kinders van 2-5 jaar word nie verwag om maskers/visors te dra nie en die skool beveel dit nie aan nie. In die geval dat 'n kind siek word by die skool of duidelike simptome wys kan dit nodig wees vir daardie kind om 'n masker te dra terwyl hulle uit die klas beweeg na die isolasiekamer. Dit is egter nie nodig om 'n masker te dra in die isolasiekamer nie
3. Ons wil wel vra dat u vir u kind 'n ekstra materiaal masker in hulle tas sal saamstuur skool toe sou dit nodig wees om dit te gebruik in die geval waar hulle siek word of simptome wys (Hierdie is net op toepassing van die ouderomme 2-5 jaar)

☺ **Aflaai roetine in die oggend:**

1. Die personeel sal soggens reeds almal by die skool wees (klaar gescreen) en gereed wanneer u kind afgelaai word
2. Aankomstyd is stiptelik van 07:00 - 08:00 in die oggend. Wees asseblief betyds aangesien die proses tydsam kan wees. Ons dagprogram begin 08:00 en ons wil graag ons kinders gereed hê om te begin.
3. Ouers mag saam met die kinders by die terrein ingaan maar nie in skooltjie nie, daar is aantree merks aangedui.
4. Gedurende die ontvangstyd sal die kinders in die klasse wees en nie buite op die speelgrond nie

☺ **Die 'screening' prosedure in die oggend by die hek werk as volg:**

1. Ouers en kinders tree aan op die merkers aangedui op die grond. Behou asseblief ten alle tye 'n distansie van 1.5 meter. Ons vra u geduld in hierdie opsig aangesien die proses tydsam kan wees. As ons almal saamwerk kan ons dit so spoedig as moontlik afhandel ter wille van u en u kind se veiligheid.
2. Eerstens gaan u en u kind hande reinig. Daar sal 'n alkohol gebaseerde handreiniger by die hek beskikbaar wees (vir u kind se gemak kan hulle die staander trap en sodoende hoef hulle nie met hulle handjies te werk nie)
3. 'n Personeellid sal u by die deur ontvang waar u kind se koors gemeet gaan word. U kan u eie koors meet. Geen persoon met 'n koors hoër as 38⁰ C sal toegelaat word op die perseel nie.
4. Die personeellid sal 'n vorm invul vir u kind waarop aangedui gaan word of u kind enige simptome wys/voel. U gaan u eie vorm invul met dieselfde informasie terwyl die personeellid met u kind werk
5. Geen ongemagdigde persone sal toegelaat word op die perseel nie .
6. Enige persone wat simptome toon sal dadelik huistoe gestuur word. In die geval waar iemand nie dadelik die terrein kan verlaat nie kan die isolasie kamer gebruik word

☺ **Isolasie:**

1. Ouers en kinders met 'n temperatuur van 38°C en hoër sal nie op die terrein toegelaat word nie
2. Indien 'n kind tydens skoolure 'n koors ontwikkel, word die kind dadelik na die isolasiekamer (gebou by die hek) geneem. Die protokol bepaal dat die temperatuur ten minste nog twee keer geneem moet word. Indien die kind se temperatuur steeds bo 38°C is sal u onmiddelik geskakel word. U kan dan u kind ontvang by die isolasie kamer by die hek. Daar sal altyd 'n personeellid beskikbaar wees om toesig te hou oor u kind
3. Die kind moet na 'n dokter geneem word vir 'n diagnose. Die ouer moet 'n mediese sertifikaat by die dokter ontvang wat by die onderwyser ingehuldig moet word, voordat die kind weer by die skool toegelaat mag word
4. Indien 'n personeellid/ouer/kind positief getoets word vir Covid 19 sal almal dadelik in kennis gestel word.

☺ **Hoe gaan dit werk in die klas:**

1. Ons as personeel gaan ons bes doen om tydens klastyd te sorg dat die kinders 1,5 meter uit mekaar bly, maar hulle is steeds kind en ons wil dit op 'n spontane en natuurlike manier doen sodat alles vir hulle so "normaal" as moontlik voel
2. Klassies sal daaglik skoongemaak word en oppervlaktes sal gereeld afgespuit word (hierdie proses is niks nuut nie aangesien ons skool in elk geval elke dag skoongemaak word. Dit sal wel meer gereeld gebeur, veral wanneer kinders in kontak gekom het met die oppervlakte/toerusting
3. Elke personeellid is verantwoordelik om haar klassie daaglik skoon te hou, en aan die einde van die dag te spuit voordat hulle verdaag
4. Elke kind se temperatuur sal drie keer op 'n dag geneem word en op hulle vorm ingevul word
5. Daar sal ten alle tye handreiniger, seep en water, wetwipes en sneusies beskikbaar wees vir die personeel en kinders
6. Ons vra dat al ons ouers weer elk 'n pak wetwipes en sneusies skool toe stuur

☺ **Dagroetine: Speeltyd in die klas en buite**

1. Ons dagroetine is aangepas om die nuwe Covid 19 reëls en regulasies toe te pas
2. Daar sit minder kinders aan 'n tafel elk met 'n deursigtige skerm wat hulle skei van hulle maats
3. Die juffrou sal apart met die kinders kunslessies doen. Die kunstasie sal gesaniteer word voor die volgende kind hul kunswerkie doen
4. Bybel, temabespreking en enige ander lessies sal by die tafels gedoen word indien daar nie genoeg plek is op die mat nie
5. Daar mag net een klas op 'n slag buite speel en dus sal die klasse roteer sodat elkeen 'n beurt kry. Maats sal buite op die speelgrond ook in groepe verdeel wees om te verseker dat hulle 'n veilige distansie hou tussen mekaar wanneer hulle speel. Die personeellid sal van hierdie tyd gebruik maak om spesiale liggaamsoefening met die kinders te doen
6. Speelgoed sal eers skoon gemaak word voordat 'n ander kind daarmee speel
7. Geen speelgoed mag van die huis af gebring word nie
8. Oppervlaktes op die speelterrein sal gereeld deur die personeel gespuit word soos die kinders speel. Die speelterrein sal gespuit word nadat 'n klas gespeel het sodat die terrein skoon is vir die volgende klas

☺ **Dagroetine: Etenstyd**

1. Tydens etenstyd gaan die kinders soos normaal hulle eie bakkies/borde/lepels gebruik. Geen eetgery mag gedeel word nie
2. Die skool voorsien steeds oggend pap, middag ete en broodjies in die middag
3. Die kinders kan in die oggend en in die middag tydens naskool uit hulle kosblikke eet. Kosblikke moet eers gesaniteer word voordat die kinders dit kan gebruik
4. Geen koppies gaan voorsien word nie en dus gebruik die kinders hulle eie bottels (een vir koeldrank en een vir water)
5. Hou asseblief by die gesonde riglyne vir u kind se kosblik. 'n Lekkertjie kan op 'n Vrydag gestuur word.

☺ **Dagroetine: Badkamer gebruik**

1. Die kinders moet hulle hande was met seep. Hulle kan die weggooi papierhandoeke gebruik om hulle hande droog te maak
2. Die badkamers word elke keer skoongemaak en gespuit nadat die kinders dit gebruik het
3. Doekruilings: Personeel sal voor en na elke doekruiling hande was. Die skoonmaak stasie sal na elke doekruiling gespuit en afgevee word
4. Handewas: Die kinders se hande word gewas voor en na elke toiletroetine met seep en water. Hande moet ook skoongemaak word na buitespel.

☺ **Dagroetine: Slaaptyd**

1. Die matrassies word so ver as moontlik uit mekaar gepak. Die skerms wat op die tafels is word tydens slaaptyd tussen die matrasse geplaas om ekstra skeiding tussen die kinders te bied
2. Die kinders sal kop aan voet lê
3. Wanneer dit slaaptyd is word die kinders se slopies oor die matrasse getrek. Na slaaptyd word die slopie afgehaal en in hulle rakkies geplaas. Die matrasse word dan skoongespuit voor dit gebêre word vir die volgende dag
4. Die slopies bly in hulle rakkie en word net met slaaptyd gebruik. In die winter as ons komberse gebruik sal die kombers ook in hulle rakkie gebêre word. Sodoende sal geen slopies/komberse gedeel word nie
5. Die slopies/komberse word op 'n weeklikse basis gewas en vervang met 'n skoon stel
6. Geen beddegoed mag van die huis af gebring word nie

Moet asseblief nie u kind skool toe stuur of die terrein betree as u of u kind enige van die volgende simptome wys nie:

- Aanhoudende droë hoës
- Kort van asem of sukkel om asem te haal
- Koors
- Seer keel
- Moegheid
- Verlies van reuk en smaak
- Kouekoors
- Lyf seer
- Diarree

Moet asseblief nie u kind skool toe stuur of die terrein betree onder die volgende omstandighede nie:

- U of u kind is positief getoets vir Covid 19
- U of u kind het in aanraking gekom met iemand wat positief getoets het vir Covid 19